

# 14

## DIE OORGANG TUSSEN KINDWEES EN VOLWASSENHEID

### *Puberteit - gereed vir die lewe*

#### **ALGEMENE DOELSTELLINGS**

Die kinders moet weet dat puberteit 'n opwindende natuurlike tyd is wat hulle gereed maak vir die lewe!

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLINGS**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet dat –

- fisieke en emosionele veranderinge tydens puberteit normaal is; en
- almal hierdie fase verskillend deurleef.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet geen vrese meer hê vir verwerping deur die portuurgroep nie.

##### **Vaardigheid**

- Die kinders moet in staat wees om die fisiese veranderinge en ontwikkeling tot emosionele rypheid tydens puberteit as natuurlik en normaal te interpreteer.

#### **MEER INLIGTING (1 Samuel 3: 1-18; 1 Timoteus 4: 6-16)**

Dit is ongelooflik om te dink dat vlinders uit papies ontwikkel, en dat papies eers kleurvolle ruspes was, en dat ruspes uit 'n eiertjie begin leef het. Met mense is dit amper dieselfde.

Ons weet dat voor ons volwassenes word, ons eers deur verskillende fases gaan.

Ons is eers babas, daarna kleuters, daarna juniors. lewers tussen 11- en 16-jarige ouderdom maak ons kennis met puberteit. Daarna beleef ons die opwindende wêreld van tienerwees. Na tienertyd maak ons kennis met adollessensie, en uiteindelik bereik ons volwassenheid.

Al hierdie lewensfases is deur God ontwerp om ons gereed te maak vir die lewe. Hierdie ontwikkeling is nie maklik nie.

Puberteit is die fase tussen kind- en tienerwees. Ons beleef dat ons liggaam anders word. Seuns se stemme breek. Ons word skielik lank, of ons voete groei vir ons weg! Ons gevoelens

verander. Ons begin onself meet teen ander in ons vriendekring. Die manier hoe Pa en Ma dink, klink vir ons al meer vreemd. Ons sukkel om die mense om ons te verstaan. Seuns begin besef dat meisies nie so grillerig is nie. Meisies gesels ook nie meer net met mekaar nie.

Die Here het ons so wonderlik geskep dat al hierdie veranderinge ons help om ons *vlindervlerke* te begin uitsprei vir die lewe. Dit is die manier hoe ons 'n eie identiteit begin ontwikkel. Dit is wonderlik om te weet dat al die veranderinge 100% normaal (en noodsaaklik) is. God het dit so bedoel.

Puberteit is soos die papietyd tussen die ruspe en die vlinder. Ons lees in die Bybel dat God kinders roep om vir Hom 'n instrument te wees. Die verhaal van Samuel in die Ou Testament is 'n voorbeeld. God het nie gewag totdat Samuel eers 'n grootmens was nie. God het met Samuel gepraat en aan hom 'n belangrike opdrag gegee omdat Samuel gehoorsaam was.

In die Nuwe Testament lees ons dat Paulus vir Timoteus leer dat sy jonkheid nie in die pad moet staan om aan God gehoorsaam te wees nie. Die Here gebruik daagliks jongmense en kinders in sy Koninkryk. Die Doop herinner ons altyd dat ons vir God belangrik is van ons eerste lewensomblik af, en dat Hy net die beste vir ons lewe wil hê!

## **AANBIEDING**

### **Jy het nodig**

- Die Bybel.
- Elke kind se baba- of kleuterfoto's soos verlede week gereël met die ouers en die kinders – skryf die naam van elke kind agterop.
- Deurskynende plakband, gom of plakklei (*Prestik*) vir die montering van die foto's in die boeke.

## **KOM ONS BEGIN**

Begin deur Gesang 543: 2 en 3 te lees as 'n gebed.

*O Verlosser, maak my sterk,  
vlytig om vir U te werk;  
laat my tog gehoorsaam bly,  
altyd gaan waar U my lei.  
O Jesus, neem my,  
o Jesus, lei my,  
o Jesus, sterk my  
en vorm my tot u eer.*

*Heiland, laat my nooit vergeet  
dat U alles van my weet;  
al is niemand ook by my  
sal U, Here, by my bly.  
O Jesus, neem my,  
o Jesus, lei my,  
o Jesus, sterk my  
en vorm my tot u eer. Amen.*

## HET HULLE ONTHOU?

- Kyk hoeveel kinders in staat is om die memoriseerteks van verlede week op te sê.
- Laat die kinders die antwoorde wat hulle by Les 13 se **BY DIE HUIS** by die prentjies gaan neerskryf het, met mekaar deel.
- Laat een of twee kinders hulle antwoorde gee, en verskaf uiteindelik ook onderstaande antwoorde.

<b>Prentjie van 'n deel van my liggaam</b>	<b>Hoe ek die Here kan dien en eer</b>
<b>My verstand</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Ek onthou sy Woord en pas dit toe in my lewe.</i></li> <li>• <i>Ek onthou wat Jesus Christus vir my gedoen het.</i></li> <li>• <i>Ek dink na oor wat Christenwees beteken.</i></li> <li>• <i>Ek dink aan maniere hoe ek my gawes kan gebruik.</i></li> <li>• <i>Ek besef my verstand is te klein om God se grootheid te begryp.</i></li> </ul>
<b>My sintuie</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Ek waardeer die skepping waarvan ek deel is.</i></li> <li>• <i>Ek sien ander mense se nood met my oë raak.</i></li> <li>• <i>Ek hoor God se Woord wanneer ek of iemand anders dit lees.</i></li> <li>• <i>Ek reik uit na ander mense en raak hulle met liefde aan.</i></li> <li>• <i>Ek kan nadat ek belydenis van geloof gedoen het by die tekens van die Nagmaaltafel proe hoe die Here vir my goed is.</i></li> </ul>
<b>My stem</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Ek bely gereeld saam met die kerk my geloof.</i></li> <li>• <i>Ek loof en dank die Here in gebed wanneer ek bid.</i></li> <li>• <i>Ek getuig oral waar ek gaan van Hom wat my verlos het.</i></li> <li>• <i>Ek sing geestelike liedere uit my hart saam met ander gelowiges.</i></li> <li>• <i>Ek troos en bemoedig ander mense in hulle seerkry en nood.</i></li> <li>• <i>Ek sê 'JA' vir God en 'NEE' vir die verkeerde dinge.</i></li> </ul>
<b>My voete</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Ek volg in die voetspore van Jesus.</i></li> <li>• <i>Ek gaan waar God my stuur om sy liefde te gaan bewys.</i></li> <li>• <i>Ek verkondig die blye boodskap waar ek ook al gaan.</i></li> <li>• <i>Ek loop nie na plekke en mense waar die eer van God skade aangedoen word nie.</i></li> <li>• <i>Ek loop weg uit situasies waar God se wil geïgnoreer word.</i></li> <li>• <i>Ek gaan na al die nasies toe en maak dissipels vir die Here.</i></li> </ul>
<b>My hart/emosies</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Ek gee om vir ander mense.</i></li> <li>• <i>Ek dra die fakkel met die vlam van liefde wat ek by God geleer het.</i></li> <li>• <i>Ek bemoedig en vertroos mense wat seer het of nood beleef.</i></li> <li>• <i>Ek beheer my eie emosies sodat ek nie skade doen aan die verhoudings waarin ek elke dag leef nie.</i></li> </ul>

<b>My hande</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Ek reik uit na ander mense en raak hulle met liefde aan.</i></li> <li>• <i>Ek vat die hande van ander gelowiges en bid vir hulle.</i></li> <li>• <i>Ek troos in plaas daarvan om te slaan.</i></li> <li>• <i>Ek stel my hande in diens van God sodat Hy my kan gebruik.</i></li> <li>• <i>Ek help om Bybels te versprei.</i></li> </ul>
-----------------	---

## VANDAG LEER ONS

- Laat die kinders in 'n kring sit sodat almal in staat sal wees om die foto's te sien wat een vir een gewys gaan word.
- Wys nou een vir een van die foto's (in geen spesifieke volgorde nie) vir die groep en laat hulle toe om te raai wie se foto dit is – dit kan groot pret wees.
- Wanneer hulle 'n kind se foto reg geëien het, vra vir hulle wat intussen aan die kind se kop en gesig verander het. Laat hulle die veranderinge opnoem. (Kinders kan baie wreed wees, kom dus vooraf met die groep ooreen dat slegs opbouwende opmerkings toegelaat word.)
- Laat elkeen sy of haar foto in hulle boek plak by die blokkie wat daarvoor gemerk is.

## IETS INTERESSANT

Behandel die feite by **MEER INLIGTING**.

## IETS BELANGRIK

**Prent die volgende in:**

- Die lewe bestaan uit gereelde verandering.
- Ons gaan ook deur lewensfasies om ons gereed te maak vir die lewe.
- Puberteit is 'n tyd van verandering, 'n opwindende tyd!
- Die Here het ons wonderlik geskep, en puberteit is 'n natuurlike en noodsaaklike tyd.
- Ons lees in die Bybelgedeeltes van Samuel en Timoteus. Hulle was al twee baie jonk, maar God het hulle steeds gebruik om vir Hom te werk.
- Die Here gebruik vandag nog kinders vir belangrike werk in sy Koninkryk.


## IETS OM TE DOEN

Behandel die lewensiklus van 'n vlinder aan die hand van die volgende skematiese voorstelling. In hulle boeke is daar 'n spasie waar hulle die verskillende fases kan teken.

**Die grootte van groepe word altyd deur die hoeveelheid kinders in die klas bepaal.**

- Deel die klas in groepe van 4 in en laat elke groep die volgende bespreek:
  - Hoe verskil die eiertjie en die ruspe van mekaar? *Die eiertjie is baie kleiner en hard, vasgemaak aan 'n stewige plek; die ruspe beweeg agter kos aan en is sag met baie pote en groei deur sy hele leeftyd.*
  - Wat veroorsaak dat die ruspe groei? *Die ruspe eet soveel as wat hy kan.*
  - Hoe maak die ruspe gereed om te verander? *Heg homself aan 'n vaste punt en word minder aktief, hou op eet.*

- Wat is belangrik tydens hierdie verandering? *Dit gebeur met tyd wat nie vervroeg kan word nie.*
- Hoe verskil die ruspe en die vlinder van mekaar? *Die ruspe beweeg met baie pote en die vlinder vlieg met vlerke, die ruspe se kleure en lyfgedeelte verskil van die vlinder, ensovoorts.*
- Watter deel van die vlinder se lewensiklus is die belangrikste? *Al die fases is ewe belangrik – sonder een daarvan sal die vlinder nooit kan lewe nie.*
- Laat die groepe hulle antwoorde in die groot groep met mekaar deel – gebruik die voorgestelde antwoorde om die bespreking te lei.
- Laat die groep gesels oor hoe hierdie voorbeeld van die ruspe van toepassing kan wees op die verskillende fases van 'n mens se lewe.



Lewensiklus van 'n vlinder

## BY DIE HUIS

### DOEN

Die kinders gaan ontdek op watter maniere Jesus kinders betrek het by sy werk hier op aarde.

Laat hulle die volgende 4 gedeeltes in Lukas gaan lees en telkens die antwoord in die tabel neerskryf by die vraag. Laat hulle hulle ouers vra om hierdie soektog saam met hulle aan te pak.

<b>Teksgedeelte</b>	<b>Van watter kind of jongmens lees ons hier?</b>	<b>Hoe het Jesus hierdie kind of jongmens betrek om ander mense te leer?</b>
Lukas 8: 40-56		
Lukas 9: 37-43		
Lukas 18: 15-17		
Lukas 18: 18-30		

### LEER

Ons memoriseerteks vir hierdie week is 1 Timoteus 4: 12: *Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie, maar wees jy vir die gelowiges 'n voorbeeld in woord en gedrag, in liefde, geloof en reinheid.*

### AFSLUITING

Sluit af met 'n gebed, of laat een van die kinders 'n gebed doen soos vooraf met hom of haar gereël.